# 41. Saalopening – Lojaliteit

## Ysbreker:

- Indien jy toegang tot ‘n projektor het, sal hierdie ysbreker baie goed werk, indien jy nie een het nie kan jy die verskillende embleme (logo’s) uitprint en dit vir die kinders wys.

- Sit die skool se slagspreuk (slogan) en wapen op die laaste skyfie.

- Daar is heelwat om van te kies, so jy kan dit verminder na die bekendstes toe, of ‘n paar meer gepasdes bysit.

## Inleiding:

Vanoggend gaan ons kyk hoe goed julle oplet en hoeveel maatskappye se slagspreuke julle kan identifiseer.

Wanneer ons na die slagspreuk kyk dan sê dit vir ons waarvoor die maatskappy of plek staan – wat dit is wat hulle wil hê jy van hulle moet weet. Baie mense het ‘n handelsmerk (brand) wat hulle graag dra, want hulle voel dat dit ook iets van hulle ‘sê’ wanneer hulle die spesifieke handelsmerk dra.

*Indien jy ‘n ruby trui het sal dit goed werk as jy dit saambring. Jy kan dit vir die kinders wys, of jy kan dit aantrek.*

## Lojaliteit:

Kom ek verduidelik vir julle.

Watter trui het ek hier? Hoekom het ek so ‘n trui? Mens dra tog nie so ‘n trui en jy skree eintlik vir ‘n ander span nie. Die feit dat jy hierdie trui dra sê vir mense wat na jou kyk dat jy ‘n aanhanger (fan) van daardie span is.

As jy ‘n aanhanger van jou span is, skree jy vir ‘n ander span? Hou jy op met skree vir jou span as hulle vandag nie so goed gespeel het nie? Nee, want dis nie wat ‘n aanhanger doen nie! ‘n Aanhanger staan by sy of haar span – No matter what, en DIT is wat lojaliteit beteken.

Wanneer ons oor lojaliteit praat is daar baie mense teenoor wie ons lojaal moet wees, wie kan my help?

Jou ouers, familie, vriende, skool, die Here, jou geloof, jou waardes ens.

Ons kan baie dinge rondom lojaliteit sê, maar ek wil vanoggend net oor die belangrikstes praat.

As ek lojaal is, dan laat ek nie toe dat ander mense sleg praat van my ouers, familie, vriend, skool of die Here of my geloof nie. Ek staan op vir hulle, en soos met my sportspan staan ek by hulle 'No matter what'.

Ek maak 'n 'stand' vir hulle wanneer dit saakmaak!

## Lojaliteit in die Bybel:

Daar is 'n paar goeie voorbeelde van lojoliteit in die Bybel wat jy kan gebruik.

1. Daniël se drie vriende wat lojaal aan God en het geweier om voor die koning se beeld te buig, en het eerder in die vuuroond beland as om teen God te draai.

2. Daniël self was in die leeukuil gegooi omdat hy lojaal aan God en sy geloof was.

3. Naomi is nog 'n voorbeeld van lojaliteit in die Bybel. Sy was so lief vir haar skoonma gewees, en so lojaal aan haar, dat sy saam met haar na haar land gegaan het.